

# KOERSVAS

Jaargang 3      Uitgawe 57      27 Februarie 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Majuba se nalatenskap

Die is hierdie naweek die herdenking van die slag van Majuba, die veldslag wat die Britse leer 'n verpletterende nederlaag laat beleef het. Dit het die einde van die eerste vryheidsoorlog beteken met die ondertekening van die vredesverdrag by O'Neil's cottage.

Oorlogswolke het lank oor die ou Transvaal gehang. Die Britte het reeds in 1877 (ten spyte van die Sandrivier konvensie) die ZAR geannekseer. Die Boere was hieroor ontevrede, maar kon nie veel doen nie omdat die Zoeloes onder Ketshtwayo 'n werklike bedreiging was. Die mees direkte bedreiging moes eers afgeweer word. Die Britte het (onwetend) die burgers 'n guns gedoen deur oorlog te voer teen die Zoeloes in Natal.

Eers na die Britte die oorlog teen die Zoeloes gewen het, kon hulle self meer aandag aan die ZAR skenk en ontevredenheid nuwe hoogtes instoot met onregverdige belastings, beslagleggings en dies meer. Die Eerste Vryheidsoorlog het amptelik op 16 Desember 1880 uitbreek. Daar is diegene wat van mening is dat die tydperk (ongeveer 10 weke), die min veldslae asook die getal

krygers betrokke (minder as 1000 tesaam van beide kante by Majuba) kwalik die konflik as oorlog laat kwalifiseer, net so terloops.

By die slag van Majuba was die Britte se bevelvoerder een van die slagoffers - ene Majoor-generaal George Pomeroy Colley. Na die nederlae by Laingsnek en Schuinshoogte (Ingogo) moes Colley wag terwyl versterking kom en die vredesonderhandelings plaasvind. Hy wou waarskynlik vanuit 'n posisie van mag onderhandel toe hy besluit het om Majuba te beset. Op 27 Februarie 1881 het die 405 man sterk Britse mag 'n groot nederlaag gely teen die maksimum 350 Boere. Aan Britse kant het 92 gesneuwel, 134 is gewond (vele het later aan hulle wonde beswyk) en 59 is gevange geneem. Die Boere het een man aan die dood afgestaan en 5 is gewond (een het later aan sy wonde beswyk).

Hierdie oorlog en veldslag het die reputasie van die Boere as formidabele krygers en uitstekende skutte gevestig. Hulle (onopgeleide en ongeoefende) vuur-en-beweeg taktiek was hulle tyd vooruit en was met militêre presisie uitgevoer.

Daar is diegene wat beweer dat dit die begin van die val van die Britse "empire"

was. Dit sal 'n lang debat uitlok. Die Britse soldate se visiere was verkeerd ingestel (300m in plaas van 100m) en sonder die opdrag van die offisier kon die soldate skynbaar nie vir hulself dink nie. Elke Boer was vertrouwd met sy roer en het aangepas soos die situasie dikteer het.

Die vryheidsliefde en vryheidsdenke van die Boer het hom nog altyd 'n faktor gemaak om mee rekening te hou. Innoverende denke en aanpasbaarheid, lojaliteit en nederigheid voor God, is alles deel van die mondering wat ons by ons voorouers gekry het.

Die respek wat ons voorsate by hulle vyande afgedwing het, word duidelik uit die volgende woorde wat aan veldmaarskalk Bernard L Montgomery toegedig word: *"Give me 20 divisions American soldiers and I will breach Europe. Give me 15 consisting of Englishmen, and I will advance to the borders of Berlin. Give me two divisions of those marvelous fighting Boers and I will remove Germany from the face of the earth."*

Aan almal wat in die Volksrust omgewing deel gaan neem aan die vieringe; sterkte en geniet die aktiwiteite met trot. Aan almal wat eens voel met Majuba; kom ons staan saam, kom ons dink innoverend. Ons moet nie toelaat dat die respek wat ons voorsate ingeboesem het, verlore gaan nie. Ons is aanpasbaar en trots op ons herkoms.

## BERIGTE

- **Regsake**

Die regsplan van die NHKA het, nadat hulle hul woord gegee het dat hulle saamstem oor die kernpunte van die dispuut, nou **weer eens** terug gekrabbel. Hulle stem nie

nou meer saam oor wat die kernpunte van die dispuut is nie, Hierdie stap van hulle beteken dat die hele regsproses **nòg** terug gesit word en dat dit nog langer gaan neem. Gemeentes moet intussen ter wille van deeglikheid steeds voldoen aan die versoek soos uiteengesit in KENNISGEWINGS van Koersvas 55.

## KENNISGEWINGS

- **Theresapark basaar**

Theresapark gemeente hou basaar op Saterdag 7 Maart. Kom kuier en eet lekker saam.

- **Paasspel**

Premiermyn gemeente hou DV Vrydag 13 Maart 2015 'n Gemeenskaps-Paasspel. Almal is welkom. Skakel met Alta by 082 682 1252 vir kaartjies.

- **Koster se Eisbeinfees**

Koster gemeente hou die naweek van 27-29 Maart 'n Eisbeinfees by Koster dam. Skakel met ds Alberts vir meer inligting 082 851 06391

- **Koersvas en Die Skietlood**

Lesers wat belangstel om Jaargang 1 asook Jaargang 2 in gedrukte formaat te besit of vir kennisse te gee, kan dit nou bestel by die drukkers. Jaargang 1 kan teen R45 (posgeld uitgesluit) bestel word Die boek bevat al die uitgawes van die eerste jaar. Jaargang 2 kan teen R 60 (posgeld uitgesluit) bestel word en dit bevat Jaargang asook die eerste drie uitgawes van Jaargang 3 (tot Desember 2015). [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com) Daar word geen wins met enige van die boeke gemaak nie.

- **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer.

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

**BESTEK**

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondag 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

**VOORGESTELDE DATUMS**

Gemeente: Elke gemeente eie vasvra indien so verkies op datum self vasgestel

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

**VERDERE REËLINGS**

Reël asb self plaaslik na goeë dunde. Ek sal nader aan die tyd DV kommunikeer in verband met reëlins vir finale rondte en saamstel van vraestelle ens.

Mag almal in u gemeente wat deelneem se geloof deur die studie versterk word!

Ds LJ Strauss - Voorsitter, Komitee vir Jeug en Kategese

- **Drukwerk** *Geloofsbond Pryse 2015*

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**BANKBESONDERHEDE:**

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

**Belangrike skakels om te gebruik:**

**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

**SteedsHervormers**

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/SteedsHervormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se blad.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

**by 018 381 1494.**



Afval R40  
Kerrie en Rys R25  
Nagereg R10

Uitstalling van ou motors

# Basaar

**Saterdag 7 Maart**

**08:00 – 14:00**

Ribburgers R25  
Skyfies R10  
Pannekoek 2 vir R5

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

**Theresapark**

Springbokstraat, Theresapark

012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

Kompetisies  
Worsie op 'n stokkie R5  
Gebak en handwerk

# VIA DOLOROSA

'n Paastoneel vir vandag  
**VRYDAG 13 MAART 2015**  
18:30

Hervormde kerk te Cullinan  
H/v Zonderwater & R515  
Bespreek by Alta 0826821252, Babie 0826083523  
Volwassenes R30, Laerskoolkinders R20

# Nataniël

21 Maart 2015  
18:00

Hervormde Kerk te Cullinan  
H/v Zonderwater & R515  
S 025° 40.672' E 028° 32.188'

R180-00 per persoon

Bespreek by  
Alta 082 682 1252  
Babie 082 608 3523

**27-29 Maart 2015**

**EISBEIN fees**

Gratis toegang vir fietswedren deelnemers en etekaartjie houers

**PROGRAM:**  
Vrydag aand:  
Kamp by die dam. Reël pakke beskikbaar met bykosse & sroepie. Reserveer tye op ons webblad om te versek dat u plek het.

**Saterdag:**  
8:00 Uitslagende Bergfietswedren, 50, 25 & 10 km. (3 km Koddies ren). Kontak prysse vir swemmers. Minstens vier (4) deelnemers. Reserveer tye op ons webblad om te versek dat u plek het.

- Lewendige Muziek
- Watersport
- Prut aktiviteite
- Toesig vir kinders

**Saterdag aand:**  
18:00 Eisbeinfees in "October Feast" atmosfeer. Groot markies tente. Reserveer tye op ons webblad om te versek dat u plek het.

- Duitse Oompa Band
- Dansbaan
- Spyskaart: Eisbein, Oompa & Hoender Skerfjies met bykosse.
- Kontant Kroeg

**Gratis**  
Draught Bier en Beker.

**NAWEEK PRET**  
vir die hele familie

**Akkommodasie**  
Kamp op terrein, Gastehuse, Logdes & Privaat wonings beskikbaar.  
\* Deelnemers aan wedren kamp gratis \*

vir meer inligting  
kontak Louis Alberts 082 851 6391  
of besoek ons webblad om etekaartjies en kampplek te bespreek of in te skryf vir Bergfietsren

[www.kosterdam-eisbeinfees.co.za](http://www.kosterdam-eisbeinfees.co.za)